# Etiene Leroux kry die Hertzogprys

DIE Hertzogprys vir Prosa is vanjaar toegeken aan Etienne Leroux vir sy werk „Sewe Dae by die Silbersteins." Die Hertzogprys was gister 50 jaar oud.

Dit is die vierde werk wat uit die pen van die skrywer verskyn het. „Die Eerste Lewe van Colet" het in 1956, „Hilaria" in 1957 en „Die Mugu in 1959 die lig gesien, voordat die roman waarmee hy die prys verower het, in 1962 verskyn het.

Mnr. Leroux het in 1944 die graad L.LB aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Nadat hy 'n jaar vir 'n prokureurssaak in Bloemfontein gewerk het, het hy in die distrik Koffiefontein gaan boer.